**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Tel, optelling, aftrekking

**Ek is spesiaal:**
Getalbegrip
Getalbewerking
Dink & redeneer



**Aan die opvoeder**

Druk asseblief hierdie bladsy uit. Plak dit op in die klaskamer sodat die oefeninge daagliks gedoen kan word. Evalueer op dag 5.

Gebruik 'n verskeidenheid tellers om prakties met getalle tot 10 te werk.

**Telaktiwiteite:**

Tel in ene. Begin by enige getal. Tel aan en terug.

| | | |
|---|---|---|
| 9 - 7 = □ | 2 + 5 = □ | 2 + 3 + □ = 9 |
| 10 - 2 = □ | 4 + □ = 10 | □ + 5 + 2 = 10 |
| 10 - □ = 4 | □ + 1 = 7 | 5 + □ + 1 = 8 |

Plak op karton. Sny die getalname en getalle uit.
Pas die getalname by die getalle en oefen dit.

| | | | |
|---|---|---|---|
| een | twee | drie | 1 |
| vier | vyf | ses | 2 |
| sewe | agt | nege | 3 |
| tien | zero | nul | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 0 |

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.

**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Omkring die grootste en kleinste getalle

*Eenheid 1:*
**Ek is spesiaal:**
Getalbegrip
Dink & redeneer

Omkring die grootste getal in die ☐.

| | | |
|---|---|---|
| 7 of 9 | 8 of 12 | 13 of 15 |
| 2 of 5 | 10 of 8 | 7 of 4 |
| 13 of 10 | 22 of 32 | 19 of 11 |
| 14 of 11 | 6 of 9 | 15 of 16 |
| 30 of 40 | 20 of 18 | 17 of 14 |

Omkring die kleinste getal in die ☐.

| | | |
|---|---|---|
| 16 of 4 | 15 of 9 | 22 of 13 |
| 3 of 1 | 12 of 19 | 10 of 13 |
| 8 of 16 | 21 of 14 | 33 of 31 |
| 17 of 11 | 6 of 5 | 4 of 2 |
| 15 of 29 | 42 of 24 | 16 of 61 |

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.

**Module 1**


*Aktiwiteit:*

Doen pre-skryfoefeninge vir lopende skrif

**Ek is spesiaal:**

Handskrifvaardighede
Visuele Diskriminasie
Oog-hand koördinasie
Fyn motoriese bewegings

Skryf oor die patrone met vetkryt.
Voltooi nou jou eie rye.



© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.


**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Luister na 'n storie -
**Jafta, die swart kat**

**Ek is spesiaal:**
Ouditiewe aandagtig luister

**Aan die opvoeder**

Lees die storie elkde dag (Week 1 Dag 1-5) aan die leerder/s voor.


## Jafta die swart kat



Jafta stap na Jak die muis se gat. Hy loop baie sag. Jak mag hom nie hoor nie. Vandag vang hy vir Jak. Vandag eet hy hom op.



Jak is 'n slim muis. Hy weet Jafta wil hom vang. Hy sal vir Jafta voor die gat wag. Hy gaan vir Jafta lag. As Jafta hom wil vang, hardloop hy in die gat. Jafta sal moeg word om heeldag te wag.



Jafta spring op die tafel. A! Nou kan hy die gat mooi sien. Jak sit voor die gat. Hy sien nie vir Jafta op die tafel nie. "Ha-ha-ha! Vandag vang ek jou Jak! Vandag eet ek jou op!" dink Jafta.


Jak sien vir Jafta. Hy sal vir Jafta wag. Wat gebeur dan nou? Jafta spring van die tafel af om Jak te vang, maar beland pens en pootjies binne-in Anna se emmer met water.



Jafta, die swart kat is nou papnat! Hy vergeet van Jak. Hy gaan sit op die mat. Hy is te nat om Jak te jag!

Jak sit voor die gat. Hy lag en lag en lag vir Jafta die swart, nat kat! Jafta is nou baie boos! Verbeel jou, Jak die muis lag vir hom, Jafta, die mooiste, grootste, swartste kat in die land!

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.



Wag maar, hy sal hom in eie munt terugbetaal. Jak sal nie meer sit en lag nie. Nee, hierdie keer sal hy, Jafta, die een wees wat lag.

Hy sluip verby Jak se gat oppad na 'n plekkie in die son waar hy droog kan bak. Nou het hy ook tyd om te dink hoe hy Jak gaan vang.

Net daar kry Jafta 'n blink gedagte. Hy sal bo-op die muurhorlosie vir Jak sit en wag! Jak sal mos nie opkyk nie, hy sal hom uit 'n ander rigting verwag.

Met sy blink, swart hare kurkdroog, stap Jafta later na die eetkamer waar Jak die muis se gat is.

Hy kyk versigtig rond, maar sien niemand nie. Hy spring eers op die stoel wat teen die muur onder die horlosie staan.

Hy kyk vinnig rond of iemand hom nie sien nie. Hy spring vinnig en sag bo-op die muurhorlosie wat nog rustig tik-tak, tik-tak, tik-tak. Die spasie bo-op die horlosie is maar baie beknop, maar Jafta is bereid om te wag as hy net vir Jak kan terugbetaal.

Nou vir die wag. Die minute tik eentonig verby. Jafta raak lomerig van die hitte en sluimer in. Hy droom dat Jak, sy muisvrou en muiskinders saam stap na die kombuis om vir kos te jag.

Net toe hy sy poot uitsteek om Jak te gryp, begin die muurhorlosie sy ding-dong deuntjie om die uur aan te kondig.

Omdat die spasie op die muurhorlosie maar skraps is, verloor Jafta sy balans toe hy sy poot uitsteek om Jak in sy droom te vang en hy val met 'n harde slag voor Jak en sy familie se muisgathuis. Sy harde gemiaau laat almal uitstorm, net om 'n bedremmelde Jafta aan te tref.

Jak, sy muisvrou en muiskinders staan op 'n ry en begin lag en lag en lag vir Jafta die swart kat. Voordat hy seer en baie boos wegstap, hoor Jafta nog hoe Jak lag en sê: "Slim het sy baas gevang, Jafta!"

Joey du Plooy

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.

**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Lees en verbind sinne wat pas

**Ek is spesiaal:**
Visuele Assosiasie
Diskriminasie
Figuurgrond

Merk die sinne wat eenders is met 'n X in dieselfde kleur. Gebruik elke keer 'n ander kleur vir elke sin.

| | |
|---|---|
| ☐ Jafta wil vir Jak vang. | ☐ Jafta val in die water. |
| ☐ Jak sal vir Jafta lag. | ☐ Jafta loop baie sag. |
| ☐ Jafta is nou papnat. | ☐ Jak is 'n slim muis. |
| ☐ Jafta wag voor die gat. | ☐ Jafta kan Jak nie vang nie. |
| ☐ Jafta kan Jak nie vang nie. | ☐ Jafta is 'n mooi kat. |
| ☐ Jak hardloop in die gat. | ☐ Jafta wil vir Jak vang. |
| ☐ Jafta loop baie sag. | ☐ Jafta wag voor die gat. |
| ☐ Jafta val in die water. | ☐ Jafta is nou papnat. |
| ☐ Jak is 'n slim muis. | ☐ Jak sal vir Jafta lag. |
| ☐ Jafta is 'n mooi kat. | ☐ Jak hardloop in die gat. |


© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.

**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Lees en omkring woorde, volg instruksies

*Eenheid 1:*
**Ek is spesiaal:**
Visuele Diskriminasie
Figuurgrond
Lateraliteit & Rigtingsin

Omkring die woorde soos aangedui.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| links van kat | | | bokant kat | | |
| draf | plat | vals | grap | plan | wals |
| blaf | kat | klap | slak | kat | wang |
| regs van kat | | | onderkant kat | | |
| kat | lamp | want | mans | kat | kant |
| brak | sand | graf | trap | gras | band |
| links bo van kat | | | regs onder van kat | | |
| balk | band | bang | dank | dalk | damp |
| | kat | | | kat | |
| bank | bars | vars | dans | galm | gars |
| regs bo van kat | | | links onder van kat | | |
| blad | blaf | blas | glas | klas | graf |
| | kat | | | kat | |
| brak | draf | klad | glad | klap | krap |
| bokant kat | | | onderkant kat | | |
| blank | blaps | brand | frats | glans | klank |
| | kat | | | kat | |
| drank | frank | drang | klant | slang | slank |



Lees al die woorde wat jy omkring het.
Lees nou al die ander woorde ook.

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.

**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Sny, plak, teken

**Ek is spesiaal:**
Visuele Diskriminasie
Fyn motoriese bewegings

**Aan die opvoeder**

1. Bespreek eers met die leerder waarom hy/sy spesiaal is. Hierdie aktiwiteit moet positief hanteer word.
2. Gebruik 'n spieël. Die leerder kyk in die spieël om sy/haar gesig te beskyf.

**Jy benodig:**

- 'n foto van jouself
- tydskrifte
- 'n skêr
- gom

**Wat jy moet doen:**

1. Plak jou foto in.
2. Teken 'n raam om jou foto.

My naam is ..............................................................................

My van is ..............................................................................

Ek is ............. jaar oud.

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.

**Module 1**
*Aktiwiteit:*
Lees 'n storie - **In die park**

**Ek is spesiaal:**
Leesvaardighede
Dink & redeneer











# In die park

Janneman en San speel in die park. Hulle speel met 'n bal. Janneman sien 'n brak. Die brak is wit en swart. Die brak blaf en blaf. "Is jy laf om so te blaf en blaf?" vra San. Janneman wil gaan kyk waarom die brak so blaf en blaf en blaf.

Janneman en San stap na die brak. Die brak blaf en blaf. Wat sien Janneman en San? Daar is 'n swart vark in 'n bos. Die vark sit vas! Janneman en San wil die vark help. Janneman lig die tak op wat die vark vashou.

Die swart vark hardloop weg so vinnig as wat hy kan. Die vark verdwyn oor die rant. Die brak hou nou op met blaf. Janneman en San kan weer in die park speel. Hulle speel met die bal. Die swart en wit brak speel ook met die bal.

Die brak blaf en blaf en blaf. Janneman sê: "Die bal is pap!" Hulle stap na die dam. Die brak draf langs hulle. Dit is 'n lang pad na die dam. Die gras is nat. San val op die gras. Janneman help haar op.

Janneman, San en die brak kom by die dam aan. Die dam is vol. Die water vloei oor die dam se wal. Die wal is wyd. Die brak begin weer blaf. "Is jy laf om so te blaf?" vra San. "Kom ons kyk wat die brak so laat blaf," sê Janneman.

Die brak blaf vir iets in die dam! Die water is vlak aan die kant. Daar is krappe in die dam. "Blaf jy vir 'n krap?" vra Janneman. Janneman en San stap tot langs die brak. Daar is 'n ou krat in die vlak water. Die brak hou op met blaf.

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.



Janneman en San snak na asem! Dalk is daar skatte in die krat? Janneman is nie bang vir die krappe nie. Versigtig stap hy in die dam. Sy voete sak in die modder weg. "Pasop Janneman!" skree San. Met al sy krag tel Janneman die krat uit die dam.

"Is daar regtig skatte in die krat?" vra San. Die krat is verseël met kramme. Janneman breek die krat met 'n skerp tak oop. In die krat is 'n ou jas en 'n staf. Daar is ook 'n pragtige harp! "Dankie brak," sê Janneman. "Wat 'n skat!" Hulle is so dankbaar vir dit wat hulle ontdek het.



Janneman en San speel weer in die park. Hulle speel met 'n bal. Die wit en swart brak is ook in die park. Die brak blaf en blaf. "Is jy laf om so te blaf?" vra San. "Kom ons kyk wat die brak so laat blaf," sê Janneman.



Janneman en San stap na die brak. Die brak blaf en blaf. Wat sien Janneman en San? Daar is 'n kalf in 'n bos. Die kalf sit vas! Janneman en San wil die kalf help. Janneman stap na die kalf. Hy lig die tak op.



Die kalf se agterpote sit in die sand vas. Jan lig die kalf uit die sand. Die kalf hardloop weg met 'n spoed. Hy verdwyn oor die rant. Die brak hou op met blaf. Dit is 'n slim hond. Hy weet wanneer om op te hou met blaf.




Nou kan Janneman en San weer in die park speel. Hulle speel met 'n bal. Die wit en swart brak speel saam. Die brak blaf en blaf en blaf. "Hy is net bly," sê San. Die brak het 'n nuwe baas. Sy naam is Janneman.

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.



Ma is bly om Janneman en San by die huis te sien. "Julle het gans te lank in die park gespeel," sê sy. Hulle vertel haar van die swart vark, die krat in die dam, en die kalf. Hulle wys haar die jas, die staf en die harp. Sy sê die brak mag by hulle bly.



Ma bak 'n koek in 'n silikoon pan. Janneman en San kan nie wag om die koek te eet nie. Die wit en swart brak wag ook vir 'n stuk koek. Hulle lag en speel op die grasperk terwyl die koek bak. Die brak is rats. Hy spring oor die krat om die bal te vang.



Een nag slaap Janneman in sy bed. Daar is 'n harde slag teen die venster. Janneman skrik wakker en hoor hoe die brak blaf. Die brak blaf vir iets teen die ruit se glas. Ma en San kla oor die brak se geblaf. "Is jy laf om so te blaf?" vra Janneman.



Janneman stap na buite met die brak. Die brak blaf vir iets op die dak. 'n Kat, wonder Janneman. Hy kyk na die dak en sien 'n vlam! Die dak brand! Janneman gryp die tuinslang. Hy blus die vuur. "Wat 'n goeie wag!" sê Janneman.

Albert & Lynne Chamberlain

© Brainline Holdings (Pty) Ltd. All rights reserved.
© Brainline Holdings (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.